

15 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 16:1-11

Fokusgedeelte: Psalm 16:11

My lewe is in veilige hande

Om in 'n onveilige tyd te leef, kan om verskeie redes 'n gevaarlike tyd wees. Dit is 'n tyd wanneer lewens in gevaar verkeer, maar dit kan ook 'n tyd wees wanneer uitsigloosheid kan dreig om besit van lewens te neem. Dawid het onveilige tye beleef. Verskeie kere het hy in lewensgevaar verkeer. En tog ... in Psalm 16 is hy nie as iemand sonder vooruitsigte aan die woord nie. In 'n onveilige tyd het hy hom "veilig gevoel" (vs 9).

Hoe is dit moontlik: veilig in 'n onveilige tyd? Die antwoord is buite die mens in God te vind. Psalm 16 is 'n belydenis-psalm. Voorop staan die belydenis dat sy lewe in die Here (aan Wie hy behoort) en in sy sorg (met verwysing na sy hand) veranker is. Die Here sorg vir hom in alles wat hy nodig het. Daarom is die belydenis dat uit sy hand net kom wat mooi is. In God vind hy alles: blydskap oor alles wat hy ontvang het, maar ook sy veiligheid – selfs in die aangesig van die dood. Op die saak van die dood gaan Dawid nie as sodanig in nie, maar dit staan vir hom vas: God is sy lewe. Niks kan sy lewe in God van hom wegneem nie.

Kan ek my ook veilig in onveilige tye voel? Ja. Deur in vertroue op God gerig te lewe aan Wie ek deur Christus behoort. Uit sy hand kom net wat mooi is. Daarom leef ek nie sonder vooruitsigte in onveilige tye nie, maar in Hom juig ek omdat my lewe in veilige hande is.

Sing: Psalm 31:2, 4

Ds EJ Tiemensma (Kempton Park)